

BEK-EN-KLOUSEER

DR. WILHELM SCHACK

Inleiding

In ons reeks oor wildsiektes sal daar klem gelê word op 'n aantal siektes wat in Suid-Afrika voorkom wat almal in een of ander wyse wild kan aantas of deur wild oorgedra word, maar wat in sommige gevalle, soos met bek-en-kloseer, 'n groot uitwerking kan hê op die res van die land se veestapel soos beeste, skape en varke.

Dit is vir wildboere besonder belangrik om van die siekte bewus te wees omdat buffels in Suid-Afrika as die hoofbron van verspreiding van die siekte gesien word. Buffels speel 'n toenemende belangrike rol in die wese en ekonomie van wildboerdery in Suid-Afrika vandag. Daar is egter formidabele slaggate op die suksespad van die bedryf in die vorm van verskeie siektes soos korridorsiekte, tuberkulose, brusellose, maar veral bek-en-kloseer. Die laeveldse buffelgenepoel word as baie belangrik gereken vir buffelteling in Suid-Afrika en die bydrae wat dit kan maak om genetiese kwaliteit van buffels oor die algemeen te verbeter. Ongelukkig is dit so dat hierdie einste laeveldse genepoel ook die hoof bek-en-kloseer draerbevolking omvat. Buffels is die hoofokus van die staatlike Veeartsenydiens se bek-en-kloseer beheerprogram. Dit is van uiterste belang dat wildboere, wildvangers en ander rolspelers in die wildbedryf van hierdie siekte kennis neem en met die hoogste graad van versigtigheid te werk gaan in die hantering van buffels, veral in die aangewese gebiede.

As daar een siekte is wat die potensiaal het om 'n land se ekonomie lam te lê, dan is dit hierdie siekte wat deur een van die kleinste en sensitiefste virusse op aarde veroorsaak word, naamlik bek-en-kloseer. Die siekte is 500 jaar gelede reeds as 'n duidelike entiteit vir die eerste maal in Europa beskryf en het sedertdien in baie wêrelddele so 'n groot skrikbewind gevoer dat selfs die polisie en weermagte ingespan word om die verspreiding daarvan hok te slaan. Ongekontroleerd kan dit soos 'n spreekwoordelike veldbrand versprei. Fisiese kontak tussen draerdiere en vatbare diere, indirekte oordraging vanaf mense wat met siek diere kontak gehad het, en iets oënskynlik so onbenullig soos 'n sterk wind en 'n vogtige atmosfeer, is van die maniere hoe die siekte vinnig kan versprei.

Vatbare spesies

Alle spleethoewige diere soos o.a. beeste, skape, bokke, varke, kamele, kameelperde, buffels, rooibokke en ander antilope is vatbaar vir bek-en-kloseer. Simptome in mense is ook al beskryf, maar dit kom selde voor en is self-beperkend in die mens.

Nie-vatbare spesies is renosters, olifante, seekoeie, perde, sebras, alle vleisvreters soos leeus en hiënas, ape en bobbejane, reptiele, visse en ongewerwelde diere.

Simptome

Bek-en-kloseer is 'n akute en hoogsaansteeklike siekte wat op groot skaal in troppe diere uitbreek binne 2 tot 8 dae na kontak, en soms na so lank as 13 dae. Die eerste tekens wat gewoonlik waargeneem word in 'n trop is dat daar heelwat diere is wat oënskynlik oornag maer geword het, moeilik en mankerig beweeg, en waar speeksel in redelike hoeveelhede by die bekke uitdrup. By nadere ondersoek word die volgende simptome waargeneem: koors, staking van melkproduksie, pyn met beweging, eetlusverlies, en dan seertjies op verskeie plekke op die liggaam, nl. in die bek, op die tong en tussen die kloutjies. Die seertjies begin as blasies (soos brandblasies), maar bars later oop om rou sere te vorm. Sere kan ook op die neusspieël en op

die spene en uier voorkom. Diere lyk uiters droewig en siek, maar vrek selde aan die besmetting. Indien hulle wel vrek kan dit wees as gevolg van aantasting van die hartspiere, of as gevolg van sekondêre infeksies van die sere. Diere wat aan een of ander vorm van spanning lei (voeding of ander siekte) word die ergste aangetas.

Diagnose

Indien daar die geringste vermoede bestaan dat diere bek-en-klouseer het, moet persone onmiddelik 'n veearts raadpleeg. Onder geen omstandighede moet daar gepoog word om self monsters van diere te neem en te versend nie, of selfs om diere op te laai en na 'n veearts of Onderstepoort te neem nie. Die gevaar van verspreiding is op dié manier astronomies groot en kan nare gevolge vir 'n streek inhou.

Omdat dit 'n aanmeldbare siekte is, moet die naaste staatsveearts onmiddelik in kennis gestel word. Hy sal die saak ondersoek en stappe neem om die diagnose te bevestig. Sodra dit gebeur het, sal die staat gepaste beheermaatreëls instel om die uitbraak onmiddelik en met alle mag te stuit.

Daar kom hoofsaaklik 7 tipes virusse voor naamlik die Tipes A, O, C, SAT 1, SAT 2, SAT 3 en die Asiatiese tipe. In Suid-Afrika kom hoofsaaklik die tipes SAT 1, 2 en 3 voor, maar die onlangse uitbraak (2000) in KwaZulu-Natal was te wyte aan die O-tipe wat via afvalkos vanaf 'n skip in die Durbanse hawe uit die buiteland ingevoer is. Na my mening was hierdie uitbraak te wyte aan 'n heel onwaarskynlike manier van oordraging, wat ons aandag daarop behoort te vestig hoe maklik die virus in werklikheid oorgedra kan word.

Diagnoses word bevestig deur middel van virusisolasië en serologiese toetse word ook dikwels gebruik. Een van die praktiese probleme wat daar met inenting van beeste teen bek-en-klouseer ontstaan, is dat daar lateraan tydens ondersoek van bloedmonsters nie onderskei kan word tussen diere wat geënt was, en diere wat draers van aktiewe bek-en-klouseer virusse is nie.

Siektebeheer

Bek-en-klouseer is 'n beheerde dieresiekte in terme van die suid-afrikaanse Dieresiektewet (Wet 35 van 1984) en aanverwante regulasies. Dit beteken dat die Staat die verantwoordelikheid om die siekte te beheer oorneem, en die bevoegdheid het om maatreëls in werking te stel om die siekte te bekamp omdat dit van nasionale en internasionale belang is om dit te doen.

By die Wêrelddieregesondheidsorganisasie (OIE – Office International des Epizooties, gesetel in Parys, Frankryk) staan bek-en-klousser bo-aan Lys A van internasionaal belangrike dieresiektes. Die organisasie het meer as 150 lidlande, en Suid-Afrika is ook lid daarvan. Die doelwit van die OIE is om die voorkoms van die belangrikste siektes te monitor, en word daar aan lande op grond van hulle beheer oor siektes en die voorkoms van siektes, 'n spesifieke status of gradering toegeken. Dit is 'n tipe kredietwaardigheidsgradering wat deur ander lande in hulle risiko-analises gebruik word as die invoer van dierlike of plantaardige produkte ter sprake is. Huidiglik het Suid-Afrika die status van: 'Bek-en-klouseer vrye sone sonder inenting', d.w.s. ons kredietwaardigheid is tans hoog en ons mag produkte, soos vleis, uitvoer na ander lande. Verdere inligting in dié verband kan op die OIE se webtuiste gevind word by: www.oie.int

Wetgewing is toegespits daarop om hierdie status in stand te hou. Omdat Suid-Afrika 'n uitvoerland is wat biljoene aan buitelandse valuta verdien deur die uitvoer van landbouprodukte is dit onnodig om te beklemtoon hoe belangrik die bekamping van bek-en-klouseer vir ons is. 'n Groot bek-en-klouseerepidemie kan alle uitvoer tot 'n stilstand bring met noodlottige gevolge vir die landseksonomie. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is ons buurland Zimbabwe, waar bek-en-klouseer tans hooggety vier, landbou ineengestort het, uitvoere gestaak is, en buurlande bedreig word, of reeds geraak is deur die verspreiding van die epidemie. Na my mening

reflekteer 'n land se hantering van 'n epidemie soos bek-en-klouseer sy politieke wil om te oorleef, sy selfdissipline, insig en beskawingspeil. Die bek-en-klouseer bedreigings wat Suid-Afrika tans van buurlande soos Zimbabwe, Mosambiek, Botswana ondervind, noodsaak ons om ystere selfdissipline en beheermaatreëls te handhaaf.

In Suid-Afrika is daar tans 'n stelsel van geografiese sonering in plek wat veronderstel is om bek-en-klouseer hok te slaan en te beperk tot die endemiese gebiede. Daar is vier sones, nl.

1. Besmette sone:

Die Kruger Wildtuin en aanliggende gebiede waar buffels voorkom.

2. Buffersone:

Aanliggend aan die besmette sone . Beeste in die gebied word op roetine basis geënt teen bek-en-klouseer.

3. Waarnemingsone: (Surveillance zone)

Aanliggend aan die buffersone en afgegrens daarvan deur die rooilyn. 'n Area tussen die buffer en die vrysonne waar diere **nie** geënt word nie, maar waar intensiewe ondersoeke na die siekte op 'n gereelde basis gedoen word. Die 'geel lyn' is die skeiding tussen die waarnemingsone en die vrysonne.

4. Vrysonne:

Tans word die hele Suid-Afrika as vrysonne beskou, behalwe die geproklameerde besmette-, buffer- en waarnemingsones. In die vrysonne word diere nooit geënt nie.

U naaste staatsveearts sal u op hoogte bring van alle grense (rooi en geel lyne) asook jongste beheermaatreëls indien u in of naby sulke sones boer.

Wat gebeur in die geval van 'n uitbraak van die siekte?

Sodra die diagnose bevestig is sal die staat met o.a. die volgende maatreëls ingryp, afhangende van waar (watter sone) die uitbraak plaasvind en watter omvang dit aanneem.

- Beperkings op die beweging van mens en dier (padblokkades, ontsmettings, ens.).
- Verbod op vervoer van landbouprodukte (bv. vleis, velle, horings, biltong, dekgras, ens.).
- Konfiskering van goedere.
- Kwarantynmaatreëls op spesifieke plase of areas.
- Uitslagting van vatbare of besmette diere en vernietiging van karkasse deur verbranding.
- Inenting.
- Intensiewe inspeksies in gevaarsones.

Volgens die internasionale ooreenkoms (OIE) kan 'n land sy bek-en-klouseervrye status binne 3 maande herwin indien hy die beleid van uitslagting volg en daarna kan bewys dat die siekte heeltemal in die kiem gesmoor is. Indien 'n land die beleid van inenting sou volg, sal sy bek-en-klouseer-besmette status outomaties vir ten minste 2 jaar lank geld. Beheermaatreëls het dus diepgaande implikasies vir die landbou en landseksonomie.

Ekonomiese belang van die siekte

Engeland het met die bek-en-klouseer uitbraak twee jaar gelede een miljoen diere vankant gemaak om seker te maak dat die land deur middel van die beleid van uitslagting baie gou weer sy siektevrye status terugbekom. Dit is selfverduidelikend dat as 'n land bereid is om soveel diere wat oënskynlik niks makeer nie, voorkomend uit te slag, daar oneindig baie op die spel is vir die landseksonomie in sy geheel.

Die skade wat die ekonomie kan lei gaan in die orde grootte van miljarde rande indien dinge regtig skeef loop met 'n epidemie. Die uitbrake in Kwazulu-Natal en Mpumalanga se direkte kostes het ongeveer R35 miljoen beloop. Suid-Afrika se melkbedryf alleen kan ongeveer R400 miljoen rand verloor aan inkomste uit die uitvoer van melk en melkprodukte. Ander sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie kan in geheel sowat 1 biljoen en meer verloor met 'n ernstige uitbraak van bek-en-kloseer.

Huidige status in Suid-Afrika

Soos reeds gesê, geniet Suid-Afrika tans die status van 'n 'Bek-en-kloseervrye sone sonder inenting'. Die owerhede is relatief gerus, dog waaksaam. Ons grootste bedreigings lê in ons eie besmette gebiede in die laeveld, wat egter goed onder beheer is en fyn dopgehou word deur veldpersoneel. Wat kommerwekkend is, is die situasies in buurlande, en besonder Zimbabwe en Mosambiek. In albei lande is verskeie aktiewe uitbrake aan die gang, en die groot gevaar is dat die siekte met ongekontroleerde bewegings van mens, dier en dierlike produkte na Suid-Afrika versprei kan word. Gevolglik word daar verskerpte beheermaatreëls in die waarnemingsones van Ingwavuma in Kwazulu-Natal, die Mosambiekgrens by Komatipoort en Musina in Limpopo toegepas om betyds wal te gooi teen die bedreigings van buite.

Slotsom

Hopelik sal hierdie kort oorsig by die leser 'n indruk van die mate van belangrikheid van bek-en-kloseer laat. Dit kom soos 'n dief in die nag, sluipend en ongemerk, en kan katastrofiese gevolge vir 'n land inhou. Waaksaamheid en selfdisipline is die wagwoorde. Nie alleen moet ons landbou- en omgewingsowerhede paraat wees nie, maar ook die algemene publiek. U en ek. Buffels behaal sulke goeie pryse deesdae dat dit aangeneem moet word dat die versoeking sal ontstaan om 'n vinnige buffeltjie of tien onder die dekmantel van duisternis uit die Laeveld elders te gaan smous. Behoed ons daarvoor dat sulke buffels dan draers van hierdie klein sondebokvirus sal wees. Dan is die ware duisternis op ons.

Navrae : Dr Wilhelm Schack
083-3018119

This document was created with Win2PDF available at <http://www.win2pdf.com>.
The unregistered version of Win2PDF is for evaluation or non-commercial use only.
This page will not be added after purchasing Win2PDF.